

HOOFSTUK II

(HISTORIES -, KRITIES)

PLEK EN INHOUD VAN AFRIKAANS OP DIE LAERSKOOL.A. Begripsbepaling:1. Wat is taal?

1)

In 1899 het Sweet taal as volg definieer: „Language may be defined as the expression of thought by means of speech-sounds.”<sup>2)</sup> Soortgelyk is die omskrywing van Tucker, nege jaar later: „Language is .... the expression of ideas by means of articulate sounds habitually allotted to those ideas.” Dit wil voorkom, egter, of hierdie definisies nie omvattend genoeg is nie. Laat ons die saak nader ondersoek.

Om aan ander kenbaar te maak wat daar in jou omgaan, kan 'n mens gebruik maak van (a) gebaretaal, b.v. bewegings van die ledemate, mimiek, pantomimiek, ens. of (b) woordetaal, d.w.s. gesproke of geskrewe woorde.<sup>3)</sup> Onder gesproke taal verstaan ons 'n reeks opeenvolgende klanke wat deur die mond van die spreker geuit word om die oor van die hoorder te bereik. Geskrewe taal, daarentoe, bestaan uit 'n reeks tekens wat, sodra dit met die hand (of ander meganiese middel) op 'n skryfvlak in 'n bepaalde orde naas mekaar geplaas word, deur die oog van die leser waargeneem word. Die gesproke of geartikuleerde taal, vergesel van passende gebare, is die volmaakste uiting van ons bedoelinge, die beste middel van kommunikasie, want die geskrewe tekens is maar 'n gebrekkige middel om die gesproke klanke aan te dui. As ons dus van „taal” praat in die meer bepaalde sin van die woord, sonder nader aanwysing, dan bedoel ons daarmee alleen woordetaal, d.w.s. gesproke klanke en klankverbindings of geskrewe woorde en woordereekse waaraan 'n bepaalde betekenis geheg is.

Taal is nie iets wat 'n selfstandige bestaan voer nie; dit

---

1) The History of Language, 1

2) Introduction to the Natural History of Language, 2

3) Vgl. (I) Steyn, Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders, Inleiding.

(II) Lecoutere-Grootaers, Inl. tot de Taalkunde., 9 - 11

(III) Saer, Smith en Hughes, The Bil. Problem, 37 - 38.

kan alleen in die gees en die mond van die mens lewe. Los van die mens is daar geen taal nie. En as ons die aard van woordetaal nagaan, dan begryp ons dat dit in die eerste plek 'n psigologiese karakter dra. Want dit is immers deur middel van die psige, soos Le Roux e.a. aantoon, dat die spreker sekere klanke verbind tot sinne waarmee hy uiting gee aan sekere gedagtes en gevoelens, en dit is deur middel van die gees dat die hoorder die bedoeling van die spreker begryp.

Steyn het hierdie sielkundige aspek van taaluiting baie duidelik uiteengesit. Hy toon aan dat, wanneer die mens hom in klanktaal uit, hy sowel sy idee in woorde kan formuleer as sy persoonlike houding tot die taalsituasie tekenne kan gee, d.w.s. hy kan gebruik maak van logiese sowel as affektiewe taal. En omdat die mens so moeilik aan die subjektiewe gevoel kan ontkom, is byna alle taaluiting dus 'n kombinasie; 'n vermenging van die logiese en die affektiewe.<sup>5)</sup> Hy wys verder daarop dat taal ook die mededeling van gedagte insluit en omskryf dit as "n middel wat die mens ten dienste staan om uiting te gee aan wat in die sielelewe omgaan."<sup>7)</sup> Dus, dit openbaar nie net gedagtes nie (Sweet en Tucker), maar ook gevoelstoestande en strewinge. Hierby sluit ook aan die definisie van Lecoutere - Grootaers: "Taal is de hoorbare of zichtbare openbaring van het zieleleven."<sup>8)</sup>

Maar hiermee is die saak nog nie afgehandel nie, want soos deur Le Roux, Steyn, Lecoutere - Grootaers e.a. aangedui word, het taal ook 'n sosiale funksie. Die funksie van taal in die gemeenskap is dié van mededeling of interkommunikasie, en Steyn onderskei drie niveaus, nl. (a) die taal van die mens se ekonomiese bestaan en daaglikse aktiwiteite, b.v. in die fabriek of kantoor, (b) die taal van die

4) Praatjies oor ons Taal, 5.

5) Steyn: Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders, 12.

6) t.a.p., 23.

7) t.a.p., 8.

8) Lecoutere - Grootaers: op. cit., 2.

9) op. cit., 6

10) op. cit., 38 - 42

11) op. cit., 192 - 217

sosiale verkeer, b.v. om die koffietafel of op partytjies, en (c) die taal van die wetenskap (intellektuele arbeid, kultuur, ens.).

Taal berus dus op sowel 'n sosiale as 'n psigologiese grondslag; en daarom is Jespersen<sup>12)</sup> se omskrywing miskien die omvattendste: „Language .... is a way of connection between souls ... (it) is the most complete, the richest, the best means of communication.” Nou hieraan verwant is die uitspraak van Palmer,<sup>13)</sup> want vir hom is taal „the medium by which thoughts and emotions are expressed and conveyed from one person to another.”

Deur taal onderskei die mens hom dus fundamenteel van die dier. Dit is die middel waardeur die gedagte geïnterpreteer en gekristalliseer word, waardeur die siel hom in al sy gedagtes, begeertes, stemminge en strewinge openbaar en waardeur die mens sy psigiese inhoud aan sy medemens oordra.

## 2. Wat is Moedertaal?

Hieronder verstaan ons wel die taal uit die moeder se mond geleer, maar in hierdie verband merk Jespersen<sup>14)</sup> tereg op dat die begrip „moedertaal” nie te letterlik beskou moet word nie, want die taal wat die kind op natuurlike, onbewuste wyse die eerste aanleer, is dikwels nie dié van sy moeder self nie.

In die reël praat die kind 'n suiwer taal, al toon die moeder se spraak dialektiese eienaardighede of al is haar uitspraak vreemd. Uit eie ervaring weet die skrywer self van etlike kinders wat hier te lande vir die eerste maal skool toe gekom het en 'n baie geradbraakte moedertaal gepraat het. Sommige het van Engels-, ander weer van Afrikaans-sprekende ouers afgestam, tog was hulle baie meer tuis in een of ander van die naturelle-tale. Op skool het hulle vir die eerste maal hul moedertaal reg leer praat.

<sup>15)</sup> Jespersen stel die saak baie duidelik: „(The child's)

12) How to Teach a Foreign Language, 4

13) The Scientific Study and Teaching of Languages, 312

14) Language, its Nature, Development and Origin, 146

15) t.a.p., 147

exact attention to the minutiae of language dates from the time when he is thrown into a wider circle and has to make himself understood by many, so that his language becomes really identical with that of the community." So ook Saer, Smith and Hughes:<sup>16)</sup> "The term "mother tongue" .... cannot always mean the language first taught to the child by its mother, for that, unfortunately, is often "baby slang." By the mother tongue we mean that language which the child best comprehends and speaks when he appears at school at about the age of five. It may be his mother's tongue, or his nurse's language, or the language he has learnt from his playmates."

## B. Plek en Inhoud van Afrikaans op die Laerskool.

### 1. Funksie van die Laerskool:

In 'n bydrae "Die Laer Onderwys" het Coetzee<sup>17)</sup> die plek en doel van die laer-onderwys nader bepaal. Hy wys daarop dat dit ongetwyfeld die belangrikste plek in die volkslewe beklee, omdat dit die eerste vorm van opsetlike onderwys aan die jeug is. Hiervan is die owerhede terdeë bewus, want in die meeste beskaafde lande is dié onderwys nie alleen verpligtend nie, maar ook kosteloos.

Na sy wese is die laer-onderwys elementêr en fundamenteel. Want op die laerskool ontvang die kind sy onderrig in die elemente van kennis en vaardigheid, en daarby word die grondslag vir alle verdere ontwikkeling gelê. Hoewel die laer-onderwys in die eerste plek dus propadeuties van aard is, moet dit terselfdertyd 'n afgeronde geheel wees; en sy inhoud en metode moet selfstandig wees en ooreenkomstig die eise van die kindersleeflyd bepaal word. Die laer-onderwys dien dan as instrument waardeur die kind in die kultuur van die mens ingelei word, en dit is die funksie van die laerskool "om die algemene grondslag vir die verdere ontwikkeling van die kind te voorsien, om aan hom die nodige kennis en kundighede te gee wat hom in staat sal stel om op 'n behoorlike wyse deel te neem aan die

16) The Bilingual Problem, 34

17) In: Coetzee en Bingle: Beginsels en Metodes van die Laer, Onderwys, 7 - 45

gemeenskaplike ervaring van "sy volk."<sup>18)</sup>

## 2. Vasstelling van die vakke.

By die vasstelling van die vakke, toon Coetzee<sup>19)</sup> verder aan, moet ons uitgaan van die vier fundamentele betrekkings waarin die kind in die lewe staan, nl. tot die Skepper, tot homself, tot sy medemens en tot die Natuur. Dit bring ipso facto 'n verskeidenheid van vakke mee, want die ses hoofbane van sy algemene opvoeding (nl. die religieuse, die liggaamlike, die literêre, die estetiese, die natuurwetenskaplike en die sosiologiese) eis minstens die volgende vakke: godsdiens, liggaamsoefening en gesondheidsleer, die moedertaal, kunstvlyt, natuurkennis, geskiedenis, aardrykskunde en sang. Onder hierdie verskeidenheid van vakke, wat die leerplan van die laerskool uitmaak, beklee die moedertaal, na(as) godsdiensonderrig, ongetwyfeld die vernaamste plek.

## 3. Plek van Afrikaans op die Laerskool.

In die ou Griekse klassieke (latere periode) het taal en letterkunde die vernaamste rol in die onderwys gespeel. Hierdie stelsel is oorgeneem deur die Romeine wat dit later aan Wes-Europa oorhandig het. By die Grieke en Romeine was dit moedertaalonderwys, maar in Wes-Europa wel nie. In hierdie gebied was die voertaal ook Grieks en veral Latyn, hoofsaaklik as gevolg van die verering van die klassieke en die gebrek aan skoolboeke in die moedertaal. Eers teen die begin van die Renaissance-tydperk het daar letterkundes in die volkstate ontstaan. Maar selfs toe onderrig in die moedertaal by hierdie volke uiteindelik sy verskyning in die skoolgemaak het — dink maar aan die aanbevelings van Ratich,<sup>20)</sup> Comenius.<sup>21)</sup> en Locke<sup>22)</sup> en die stigting van die Ritter akademien in Duitsland en die „Academies” in Engeland in die 17e en 18e eeue — was die onderwys daarvan nog steeds op die

18) In: Coetzee en Bingle, op.cit., 7 - 45

19) t.a.p., 16 - 17

20) Graves: A Student's History of Education, 167

21) t.a.p., 171

22) Board of Education: The Teaching of English in England, 36.

lees van die dooie klassieke tale geskoei.

Hierdie toestand, soos Bingle <sup>23)</sup> aantoon, was te wyte aan gebrek aan kennis t.o.v. die wese van taal enersyds en t.o.v. die psige van die kind andersyds. Die ontwikkeling van die filologie en die psigologie in die 19e eeu het egter 'n geweldige ommekeer teweeggebring; en in alle beskaafde lande is die moedertaal teenswoordig die hoofvak op skool, omdat allerweë erken word dat die ware opvoeding by die moedertaal begin.

Die leerling op die laerskool se taalbeheer is beperk en onontwikkel; dientengevolge kan hy nog nie behoorlik dink en sy gedagte-inhoud meedeel nie. Hierdie gebrek aan woordeskat, aan helder beelde, aan 'n duidelike begrip van die betekenis-inhoud, of liever, die polisemie van woorde, bring mee dat die skool in die eerste plek 'n taalskool is; want feitlik alle skoolvakke word deur medium van taal onderrig en 'n swak taalkennis moet noodwendig die onderwys in die ander vakke strem. Hiermee bepleit ons natuurlik nie 'n terugkeer na die leerplan van die 19e eeu wat grammatika vooropgestel het nie; inteendeel, die inhoud moet gesistematiseer en georden word sodat elke onderdeel tot sy reg kan kom.

In die samelewing kan geen ander taal die plek van die moedertaal inneem nie. Laat ons ter staving hiervan met 'n paar aanhalings volstaan:

(a) Jespersen: „Why have we our native tongue? Certainly in order to get the most out of a life lived in a community of our fellow-countrymen, in order to exchange thoughts, feelings and wishes with them, both by receiving something of their psychical contents and by communicating to them something of what dwells in us.” <sup>24)</sup>

(b) Dekker: „... want taal ... hang ten nouste saam met die volksiel en volkskarakter, waar dit die direkte uiting van is; verwaarlosing van die taal beteken fruiking van die volksiel.” <sup>25)</sup>

(c) Fourie: „Die moedertaal ontwikkel saam met die hele persoonlikheid. Dit is die taal van die hart, onafskeidbaar ver-

23) In: Beginsels en Met. van die Mid. Onderwys, 63

24) Jespersen: How to Teach a Foreign Language, 4

25) Dekker in „Gedenkboek ... Regte Afrikaners,” 75

bonde aan die ganse gedagte-wêreld en gevoelslewe van elke mens .... geen vreemde taal kan ooit die moedertaal in die psigiese lewe vervang nie.<sup>26)</sup>"

(d) West: "The mother tongue ... is the stuff of which our selves are made. It is the most important of all formative influences in moulding not only the intellect, but the character also."<sup>27)</sup>

In die skool is dit nie anders gesteld nie, en by opvoedkundiges en sielkundiges bestaan daar teenswoordig geen onsekerheid oor die belangrikheid van moedertaalonderwys nie. Sowel teoreties as eksperimenteel is dit bewys dat 'n deeglike beheer van die moedertaal — die grondslag en middel vir die skoolopvoeding — onmisbaar is vir die gesonde verstandelike-geestelike ontwikkeling en vorming van die kind. Maar dit is nie al nie. Want dit is nie die funksie van moedertaalonderwys om net taalvaardigheid aan te kweek en tot die ont-plooiing van die siel by te dra nie, maar daarbenewens om as instrument te dien waardeur die kultuur oorgedra kan word en waardeur die kind met sy medemens omgang kan hê. Dit is, m.a.w., die sleutel wat vir die kind die kultuurskatte van sy volk ontsluit en vir hom ingang verleen tot die gemeenskapslewe, sodat hy met sy volk kan omgaan en in hul prestasies kan deel of daarop kan voortbou.

Openbarend in hierdie verband was die statisties-sielkundige ondersoek van Saer<sup>28)</sup> waarin 1,400 kinders van sowel plattelandse as stedelike skole betrokke was. Op die platteland het die eentalige Engelssprekende leerlinge, na bevinding, 'n hoër I.K. gehad as die Walliese kinders wat deur medium van Engels onderrig is. Dié van die Engelse kinders was gemiddeld

26) Fourie, in: Beginsels en Metodes van die Mid. Onderwys, 102

27) West: Language in Education, 16

28) Saer, Smith en Hughes: The Bilingual Problem, 51 - 52

Cf. (I) Saer: The Effect of Bilingualism on Intelligence (British Journal of Psychology, Vol. XIV, Part I, July, 1923)

(II) Saer: An Enquiry into the Effect of Bilingualism upon the Intelligence of Young Children (Journal of Experimental Pedagogy, March and June, 1922).

96; dié van die Walliese kinders slegs 86. Ook ander toetse (onderskeiding van die linker- en regterhand, bl. 53; ritme, bl. 55, en woordeskat, bl. 56) het die superioriteit van die eentalige bo die tweetalige kind bewys. Hier het ons dus 'n onomstootlike bewys van die nadelige uitwerking, op verstande-<sup>n</sup> te vroeë, formele like gebied, van onderrig in die verkeerde medium.

'n Departementele komitee, deur die Board of Education in 1919 benoem om die plek van Engels in die skole van Engeland te ondersoek, konstateer onomwonde: „... for English children no form of knowledge can take precedence of a knowledge of English, no form of literature can take precedence of English literature: and ... the two are so inextricably connected as to form the only basis possible for a national education.”<sup>29)</sup>

<sup>30)</sup> Bingle haal aan uit dieselfde Engelse verslag: „English is not merely the medium of our thought, it is the very stuff and process of it. Education in English is, for all Englishmen, a matter ... which must, by its very nature, take precedence of all other branches of learning. It is self-evident that until a child has acquired a certain command of the native language, no other educational development is even possible ... lack of language is a lack of the means of communication and of thought itself.”<sup>31)</sup> (Verkort)

In die verslag van die Transvaalse Provinsiale Onderwyskommissie lui dit: „It is necessary to stress the supreme importance of the home language... The home language ... occupies such a position in the mental make-up of the child that it can never be superceded by another.... Whichever recommendations may be considered for the change of medium in later years, this basis must not be affected: in the initial stages the pupil must receive instruction exclusively by means of his mother tongue.”<sup>32)</sup>

<sup>33)</sup> Coetzee beweer: „Our ... aim must be the fullest use of

29) Report of Dept. Com.: The Teaching of Eng. in England, 14

30) In „Beginnels en Metodes van die Mid. Onderwys,” 67

31) Hierdie mening word op bl. 21 en 56 herhaal.

32) Report, Provincial Education Commission, par. 787

33) In 'n verslag aan die New Education Fellowship Conference, opgeneem deur Malherbe: Educational Adaptations in a Changing Society, :89

the mother tongue as medium of instruction throughout all stages of learning. Hence, our ... ideal must be a mother-tongue school system."

34)

Hier te lande het Schmidt ook die nadelige gevolge van die gebruik van 'n verkeerde medium beklemtoon. By 'n woord in die moedertaal is daar waarneming (perception); by 'n woord in die vreemde taal slegs gewaarwording (sensation)(bl. 28). Proefondervindelik het hy bewys dat 'n kind wat deur 'n vreemde medium onderrig word, langer vat om te reageer op 'n prikkel in die vreemde taal as in sy eie taal (bl.32). Die assosiasies in die vreemde taal is ook nie helder omlyn nie (bl. 32 - 33); belangstelling en oplettheid ontbreek, en geestelike inspanning en vermoënis is groter (bl. 43). Verder het die verkeerde medium 'n neiging om die kind te denasionaliseer en om hom 'n minderwaardigheidskompleks te gee (bl. 71 et seqq.).

Selfs die naturel is oortuig van die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys. Op die Suid-Afrikaanse Onderwyskonferensie het D.G.S. Mtinkulu hom as volg uitgedruk: „Instruction in the mother tongue is an obvious psychological necessity for all children, since it is the language in which the child thinks and in which its whole mental structure has been built up since infancy.”

35)

Ook buite die engere onderwyskring is daar steun vir hierdie standpunt, b.v. die besluite geneem deur die Afrikaanse Kerke (Die Behoud van die Afrikaanse Skole, Kongres, Pretoria, 3/12/1942). In 1944 het adv. Swart die volgende mosie in die Parlement ingedien: „This House declares itself unequivocally in favour of the educationally sound principle of mother tongue medium in primary, secondary and higher education, and emphasises the fact that the single medium school ... is the most suitable for South African conditions.”

36)

Verder kan ons verwys na die Memorandum van die F.A.K.-Kongres (Die Moedertaal met Enkelmedium, N.I.O.O., Kongres gehou op 14/12/43).

34) The Language Medium Question

35) In: Malherbe: Ed. Adaptations in a Changing Soc., 471

36) Parliamentary Debates, 22/2/1944

Soortgelyke getuienis oor die beginsel van moedertaal-  
 onderwys kan nog ad lib. vermenigvuldig word. Dink maar aan  
 die bydraes van Botes (Die Taalmediumvraagstuk, bl. 91 - 99);  
 Dewey (How we Think, bl. 175); Langeveld (Taal en Denken);  
 Steyn (Moedertaalonderwys, bl. 20); Saer, Smith en Hughes  
 (The Bilingual Problem, bl. 108 - 109); Meyer (Moedertaal en  
 Tweetaligheid. Ook twee artikels in „Die Huisgenoot,” Sept. 2  
 en 16, 1938); Moorman (De Moedertaal); West (Language in Edu-  
 cation, bl. 16); Scholtz (Die Afrikaner en sy Taal, 1806 -  
 1875, bl. 71) e.a.

Ons het egter genoeg aangehaal om te bewys dat moedertaal-  
 onderrig, om sielkundige, kulturele, religieuse en sosiologiese  
 redes, 'n pedagogiese noodsaaklikheid is. Soos Botha <sup>37)</sup> tereg  
 opmerk, voldoen dit by uitstek aan die moderne opvoedkundige  
 grondreël: dit gaan van die bekende na die onbekende, van die  
 konkrete na die abstrakte, van die enkelvoudige na die saamge-  
 stelde, van die besondere na die algemene en van die empiriese  
 na die rasionele.

#### 4. Plek en Inhoud van die Onderdele.

Om reg te laat geskied aan Afrikaans as skoolvak en  
 moedertaal, moet die beginsel van segregasie of apartheid toe-  
 gepas word sodat die fonetiese, ortografiese, semantiese, ergo-  
 niese, <sup>38)</sup> letterkundige e.a. aspekte van die taal apart onderrig  
 en beklemtoon kan word. Hiermee word nie bedoel dat al hier-  
 die aspekte van die taal waterdigte kompartemente is nie, want  
 hulle slaan gedurig oormekaar: die een is verwant aan en dek  
 die ander gedeeltelik. Daar moet egter 'n sekere mate van  
 onderskeiding en afbakening wees, want die algemene doelstelling  
 (b.v. uitbreiding van die woordeskat, die aankweek van taal-  
 vaardigheid, lees- en spreekvermoë, ens.) eis dat die nadruk  
 telkens op 'n ander aspek van die taalonderrig val. Die roos-  
 ter moet dus voorsiening maak vir die volgende onderdele:

##### (a) Mondelinge werk:

37) Die Stryd om Moedertaalonderwys in Natal, 24

38) Ergonics (volgens Palmer: The Scientific Study of Languages,  
 311) is „the science which teaches us (a) to classify units  
 of a given language according to their function in the

Mondelinge taaluiting neem beslis die vernaamste plek in die alledaagse gemeenskapslewe in. Daarsonder sou die mens se daaglikse aktiwiteite om 'n bestaan te vind, sy sosiale verkeer, sy deelname aan vergaderings en die verenigingslewe, ens. haas ondenkbaar wees. Die kind van vandag is die volwassene van more; en as dit die funksie van die skool is om die kind vir die latere lewe voor te berei, dan moet mondelinge werk noodwendigerwyse die prominentste plek in die taalleerplan inneem en daarbenewens alle skriftelike werk voorafgaan. Praat is die enigste taalvorm waaroor die kind beskik wanneer hy vir die eerste maal skool toe kom, en in die aanvangstadium moet dit die volle aandag in beslag neem.<sup>39)</sup> Tuis is daar alreeds 'n basiese woordeskatfondament gelê; daar bestaan alreeds genoegsame „appersepsie-massas“ en daarop moet die onderwyser voortbou.

Die natuurlike, inhibisielose neiging van die kind om mee te deel en sy spontane uitingsdrang moet benut word in die spreekles om vrymoedigheid tot uiting van die bewussynsinhoud aan te moedig. Die ideaal van die spreekles behoort dan ook die maksimum selfekspresie en self-aktiwiteit te wees. Deur middel van die spreekles word die geestelike inwentaris, die begrippevoorraad en die woordeskat, uitgebrei. Trouens, dit werk 'n logiese rangskikking van die stof in die hand, en met verloop van tyd bring dit 'n ryker, suiwerder en noukeuriger taalaanwending mee, met presisering van woordkeuse, sinswending, sinsbou, klem, klankformasie, spreektempo, toonmodulasie, ens.<sup>40)</sup>

In hierdie verband konstateer die verslag van die Engelse Onderwyskomitee van 1917:<sup>41)</sup> „... oral work is the foundation upon which proficiency in the writing of English must be based (bl. 348). With oral work vocabulary grows, range of ideas extends, a higher standard of speech is cultivated. Oral

sentence; (b) to build up original (i.e. unknown) units from the smaller known units of which they are composed.”

39) Cf. (1) Fourie: Syllabus and Textbooks .... Schools, 147

(II) Sandiford: Educational Psychology, 347.

40) Vergelyk die voorgestelde leerplanne vir die Kaapprovinsie in „Die Onderwysgaset,” Junie, 1949, 948 - 949.

41) The Teaching of English in England.

exercises are much more important than written ones ... (bl.70). Ballard gaan nog 'n stappie verder en sê: „Let me at once lay it down as a dogma that the function of the oral composition lesson is to train for public speaking and public debate.”<sup>42)</sup>

En wat van die inhoud? Watter middele het die onderwyser tot sy beskikking om taalwasdom te bevorder, om woord-assimilasie te vergemaklik en geesdriftige taaluiting aan te wakker? Afgesien van sistematiese klank- en sindril, sal hy hom hoofsaaklik by 'n verskeidenheid van spreekoefeninge moet bepaal. Verder moet hy rekening hou met die feit dat daar sowel taalimpresie as taalekspressie moet wees, m.a.w. sowel opnemings- of reproduktiewe as produktiewe werk. Onder eersgenoemde sluit ons in: klankdril, die uitvoer van bevels, memorisering van gedigte,<sup>43)</sup> ens., die lees of vertel van stories aan die kinders, dramatiserings en die opvoering van toneelstukkie, navertelling, sistematiese mondelinge oefeninge om die woorde-skat uit te brei, ens.

Piaget het nie net die egosentrisme<sup>44)</sup> van die kind beklemtoon nie, maar ook sy sinkretisme.<sup>45)</sup> Sonder ontleding, vergelyking, assosiasie, afleiding of generalisasie begryp die kind 'n ding intuïtief as 'n geheel. Sonder om te redeneer, bereik hy sekere gevolgtrekkings direk deur die vorming van 'n konfigurasie of „gestalt.” Van kousaliteit is daar nog nie juis sprake nie, want dit is eers van ongeveer sy negende jaar dat die kind leer om te redeneer, om sy gedagtes op vaardige wyse te uit en om objektief te beskryf. Susan Isaacs beweer dat die kind selfs op drie-en-'n-halfjarige leeftyd logies kan redeneer;<sup>46)</sup> maar haar proefpersone was kinders met 'n baie hoë I.K.,

42) Ballard: Teaching the Mother Tongue, 99

43) Hieroor laat die Engelse Onderwyskomitee (1917) hom as volg uit: „There is no lesson like the poetry lesson for producing that intimacy between teacher and class which makes school a happy place! (bl. 87). Hulle haal Matthew Arnold aan: „Good poetry does undoubtedly tend to form the soul and character; it tends to beget a love of beauty and of truth in alliance together; it suggests, however indirectly, high and noble principles of action ... Hence its extreme importance to all of us.” (bl. 49) (The Teaching of E. in E.)

44) Piaget: The Language and Thought of the Child, Hoofstuk II.

45) t.a.p., 129

46) Susan Isaacs: Intellectual Growth in young Children, 96

dus kan ons aanneem dat daar wel sulke enkelinge is, maar dat die gemiddelde leerling, volgens Piaget, eers vanaf st. I (d.w. s. ongeveer 9 jaar) werk van 'n produktiewe aard met 'n sekere mate van sukses kan aandurf.

Hieronder ressorteer die volgende oefeningstipes: die vertel van stories, interessante brokkies nuus (uit koerante, tydskrifte, ens.), grappe en luimige insidente; beskrywings (uit die geheue; by direkte waarneming; van mimiek, die natuur, 'n boek, 'n proses, ens.); samesprake; lewensbeskrywings; 'n vrae-bus; raaisels; lugkastele; vergaderings; debatte; eleksies, ens. Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om 'n breedvoerige beskrywing van al die genoemde spreekoefeninge te gee. 'n Prikkelende en leersame relaas van wat op hierdie gebied (sowel produktief as reproduktief) gedaan kan word, vind ons o.a. by Steyn, <sup>47)</sup> Palmer <sup>48)</sup> en die Onderwyskomitee van 1917. <sup>49)</sup>

(b) Grammatika:

Oor hierdie onderwerp laat Jespersen hom as volg uit: „In teaching elementary grammar, I should not begin with defining the several parts of speech, least of all by the ordinary definitions, which say so little though seeming to say so much.” <sup>50)</sup>

„One of the curses of grammar in the past has been over-elaboration,” meld die Onderwyskomitee van 1917, <sup>51)</sup> en haal Ballard se getuienis aan: „I have convinced myself by an exhaustive enquiry that in the elementary school formal grammar (a) fails to provide a general mental training, (b) does not enable the teachers to eradicate solecisms, (c) does not aid in composition, and (d) takes up time which could more profitably be devoted to the study of literature.” <sup>52)</sup>

„Vir die laerskoolleerlinge,” meen Van der Walt, „is grammatika-onderrig van minder belang as die aankweek van goeie taalgewoontes en 'n taalgevoel deur inskerping (dril) en goeie

47) Taalimpresie en -ekspresie in die Laerskool.

48) The Oral Method of Teaching Languages.

49) The Teaching of English in England, 76.

50) Jespersen: The Philosophy of Grammar, 62.

51) The Teaching of English in England, 292.

52) t.a.p., 279.

53)  
voorbeelde."

54)  
Met die oog op hierdie menings ontstaan die vraag onwillekeurig: watter plek moet grammatika dan in die leerplan inneem? Is dit dan nie die funksie van grammatika om taal-suiwerheid aan te kweek en die kind te leer om te abstraher nie? Dra dit nie daartoe by om die leerling se kennis van die taalvorme te sistematiseer en klassifiseer nie? En leer dit hom nie om korrekte taalvorme op meer intelligente wyse na te boots nie?

Die klein kind leer sy moedertaal, heel terloops, deur nabootsing en analogie, en hy leer dit baie effektief. Die kind se egosentrisme en sinkretisme maak dit vir hom onmoontlik om te abstraher, en daarom moet die dosering van formele grammatika op skool, veral in die aanvangstadium, heeltemal agterweë bly. Soos Jespersen daarop attent maak: „It is a well-known law in psychology that the power of grasping abstract notions is of comparatively late growth in the individual.”<sup>55)</sup> Slegs in die hoogste klasse sal grammatika dan 'n baie ondergeskikte plek inneem.<sup>56)</sup> Van der Walt stel voor: „Net soveel grammatika as wat noodsaaklik is om verkeerde spreek- en skryfgewoontes te verbeter ... Grammatika-oefeninge kan gegee word, sonder egter die reëls te benadruk, behalwe as die leerlinge deur induksie gelei kan word om 'n maklike reël self te ontdek, of as hulle soveel belangstelling toon dat hulle self na die waarom vra.”

Die Transvaalse laerskool-leerplan lui as volg: „'n Beperkte hoeveelheid grammatiese kennis word noodsaaklik beskou om die leerling 'n insig in die taalstruktuur te gee en hom in staat te stel verklarings te kan soek vir sekere taalgebruike. Alles hang af van die metode wat gevolg word. As die grammatiese kennis ontwikkel word langs die weg van deduksie, dan is die onderwyser se metode foutief.... Die bietjie kennis van taalkunde wat nodig beskou word, moet alleen langs die weg van die

53) Van der Walt in „Beginnels en M. van die L. Onderwys,” 71

54) Cf. Fourie, op. cit., 153 - 155.

55) Aangehaal deur die Onderwyskomitee, The Teaching of English in England, 287.

56) In „Beginnels en Metodes van die Laer Onderwys,” 71.

lewende taalgebruik verwerf word en op die tydstippte wanneer die kennis nodig blyk."

Die Vrystaatse Onderwysdepartement laat hom in sy jongste sirkulêre <sup>57)</sup> as volg uit: "Taalwerk behoort eers deeglik mondeling behandel te word alvorens van die kind verwag word om dit skriftelik te doen.... Grammatika behoort hoofsaaklik op die induktiewe metode gedoen te word."

Die kernbesware teen grammatika op die laerskool is dus (a) 'n te vroeë begin, (b) oorbeklemtoning, (c) formele onderwysmetodes en (d) die verdere kritiek van Ballard.

Aan die ander kant, as die onderwyser hom slegs in die hoogste klasse net op die mikrokosmos, d.w.s. die kernaspekte, <sup>58)</sup> toespits, die vroeë kontekstueel stel en hoofsaaklik 'n terloopse metode aanwend, dan kan grammatika-onderwys baie vrug afwerp. Die verslag van die Onderwyskomitee (1921) stel die saak baie duidelik: "... pure grammar (which) deals with laws of universal application ... is the true introduction to linguistic study. Indeed, even elementary school children ... would assuredly benefit from some consideration of the fundamental laws which govern expression of thought... No attempt should be made to teach 'English' grammar as distinct from pure grammar. Examples should be chosen to illustrate universal <sup>59)</sup> functions, not those peculiar to our own speech."

As gevolg van die nuwere uitkomstes op die gebied van die taalkunde (b.v. die bydraes van Jespersen, Noreen-Pollak, Brunot, Paul, Sutterlin, Overdiep, Reichling, Wellander, e.a.) en ten opsigte van die taal- en kinderpsigologie (b.v. Wundt, Van Ginneken, Piaget, Buhler, Watson, Tichener, Jaensch, Thorndike, McDougall, Stern, Isaacs, Gesell, e.a.) het ons kennis van die taal en kinderpsigologie sodanig uitgebrei dat daar vandag op die laerskool (in teenstelling met die 17e en 18e eeue veral) 'n baie ondergeskikte plek aan grammatika toegeken word. Die klem val nou op ander aspekte, insonderheid mondelinge werk en leesonderwys.

57) Sonder nommer of datum; in 1948 aan skole uitgestuur.

58) 'n Voorteflike uiteensetting van hierdie metode te vinde in Palmer: The Oral Method of Teaching Languages.

59) The Teaching of English in England. 291

Wat die inhoud betref, kan ons ten slotte net meld: verder as woordontleding en die ontleding van enkelvoudige sinne behoort die laerskool nie te gaan nie. Die ontleding van saamgestelde sinne moet liever nie aangedurf word nie, want psigies is die kind nog nie gereed daarvoor nie. Steyn<sup>60)</sup> se ontleding van skoolopstelle, b.v. het aangetoon dat parataktiese sinsverband nog die logiese rangskikking van die laerskoolleerling is en dat taalgroei geleidelike toename in hipotakse beteken.

(c) Skriftelike werk:

Afgesien van die beantwoording van taalvragies of begripstoetse, sluit skriftelike werk hoofsaaklik die skoolopstel en die brief in. Mondelinge werk vorm die grondslag van alle skriftelike werk; daarom geld wat onder eersgenoemde reeds aangevoer is, ook hier. Daar is desnietemin enkele ander punte wat ook aangedik moet word.

Die skryf van briewe, verslae, notules, ens. is vir die volwassene 'n belangrike aktiwiteit, en om die rede moet die kind hom ook deeglik in alle vorme van skryfwerk oriënteer. „Afgesien van die utilitaristiese waarde wat dit vir die leerling besit,” merk Van der Walt<sup>61)</sup> op, „is daar egter die vormende waarde wat dit op die geestesontwikkeling van die kind het, aangesien hy hier moet dink, keur, oordeel, organiseer en sistematiseer.”

Oefening baar kuns, en deur beoefening van die opstel en brief leer die kind, volgens Boyd: korrekte spelling en interpunksie, taalsuiwerheid en -vaardigheid, goeie sinsbou en logiese rangskikking; om netjies en leesbaar te skryf en om sy woordeskat uit te brei.<sup>62)</sup> Hierby kan ons voeg: presisering van die woordgebruik, noukeuriger om- en beskrywings, sorgvuldiger rangskikking van details, vrymoediger uiting van die bewussynsinhoud (want op skool raak die kind spoedig ingetoë: sy binneste openbaar hy liever skriftelik as mondelings) en die vermoë om die gedagte- en gevoelslewe duideliker, voller en op

60) Die Skriftelike Taaluiting van Skoolkinders, 152.

61) In „Beginnels en Metodes van die Laer Onderwys,” 78.

62) Boyd: Measuring Devices in Composition, Spelling and Arithmetic, 59.

meer oortuigende wyse te vertolk en op skrif te bring.

Steyn se ontleding van die skoolopstel het aangetoon dat die opstel 'n besonder groot rol in die lewe van die skoolkind speel. Waar grammatika hoofsaaklik die logiese (intellektuele) sy van sy taal beklemtoon, daar ontwikkel die opstel veral die emosionele (effektiewe) taaluiting. Die drie hoof-faktore van taalgroei by die kind op die laerskool sluit in (a) toename van die abstraksieproses, (b) vordering in die logiese rangskikking van sy materiaal wat hipotaktiese sinsverband genoem word en (c) geleidelike versterking van sy vat op objektivisme en loskoming van subjektivisme.<sup>63)</sup>

Die Engelse Onderwyskomitee (1921) het ook neergelê: „Composition ... (is) the most valuable exercise in the school for the purpose of developing the specific abilities which enter most largely into our lives ... it develops individuality ... it has a transforming influence on the children, on their whole outlook, on their whole judgment, on their sense of responsibility.” En verder: „The capacity for self-expression is essentially the measure of the success or failure of a school ... on the intellectual side.”<sup>64)</sup>

Stelwerk, en insonderheid die opstel, behoort dus 'n baie belangrike plek in die laerskool te vind.

Die inhoud sal die volgende bevat: die skrywe, aanvanklik, van sinne en paragrawe (baie belangrik),<sup>65)</sup> en dan later: briewe, uitnodigings, bedankings, gelukwensinge, simpatie-betuigings, e.d.m. Daarby kom ook 'n skriftelike weergawe van die produktiewe mondelinge werk soos elders opgeteken.

#### (d) Spelling:

Enersyds beweer Boyd: „The standard requirement in spelling for an educated man is 100% correctness. So convention, popular and professional, ordains.”<sup>66)</sup> Andersyds meld die same-stellers van die S.A.O.U.-spellys: „... business men and others,

63) Steyn, op. cit., 153.

64) The Teaching of English in England, 72.

65) Cf. t.a.p., 77.

66) Boyd, op. cit., 87.

who employ the products of our schools, are complaining of the 'poor spellers' they are forced to engage." (bl. I).

Hoewel spelling in Afrikaans gelukkig nie dieselfde moeilikhede en onredelikhede as in Engels oplewer nie, verg dit nietemin toegewyde beoefening. Deurlopende en sistematiese drillwerk in hierdie afdeling van die vak is dus 'n sine qua non op die laerskool. Die Engelse Onderwyskomitee (1921) sê reg-<sup>67)</sup> uit: „It is a disciplinary subject, of value for concentration.” In sy wese is spel-onderrig dus sleurwerk — sowel vir die onderwyser as vir die leerling. Boyd erken dit, maar beklemtoon terselfdertyd die noodsaaklikheid daarvan: „(It is) a foolish convention (hierbo aangehaal), no doubt, but there it is; and it must be reckoned with, even if that means the spending of many precious hours in school conning irrational spellings at the expense of real education.”<sup>68)</sup>

Spelling is natuurlik op sigself geen doel nie: dit is slegs 'n middel tot 'n doel. Boyd stel dit baie duidelik: „It should be born in mind from the beginning that spelling is always for writing. A child cannot spel a word correctly until he can write it down correctly spelled.”<sup>69)</sup> Maar omdat die alledaagse lewe so 'n hoë standaard van spelbekwaamheid eis, moet die fondament op die laerskool gelê word. Die vermoë om te spel met die doel om korrek te skryf en om die gelesene beter te begryp, is 'n behoefte, en dit is die plig van die skool om in daardie behoefte te voorsien. Dit wil dus voorkom of spelling op 'n vername plek in die leerplan aanspraak kan maak.

Oor die stadium waarop sistematiese drillwerk 'n aanvang behoort te neem, bestaan daar nogal heelwat meningsverskil. Tidyman verteenwoordig diegene wat meen dat dit vroeg moet begin: „The study suggests that more emphasis might be placed upon spelling in the lower grades.”<sup>70)</sup> Daarteenoor staan die bevinding van Van der Walt dat alleen kinders bo 9½ jaar meer vorder (wat spelvermoë betref) as hulle sistematiese spelonderwys

67) The Teaching of E. in England, 78

68) Boyd, op. cit., 87.

69) Boyd, op. cit., 139.

70) Aangehaal deur Van der Walt: Afrikaanse Spelonderrig in die Laerskool, 26.

volgens sielkundige beginsels ontvang. „Hierdie metode van spelonderrig,” beweer hy, „is vir die jongstes ondoeltreffend ... definitiewe onderrig werk eerder stremmend as bevorderlik.”<sup>71)</sup> Die optimum stadium sal dus nog proefondervindelik vasgestel moet word.

Ten opsigte van inhoud sal daar o.a. voorsiening moet gemaak word vir die uitskakeling, indien moontlik, van alle remmende faktore,<sup>72)</sup> drillwerk om tipiese foute te voorkom,<sup>73)</sup> uitgebreide lees oefening,<sup>74)</sup> transkripsie,<sup>75)</sup> die opstel van individuele spellyste en die gebruik van gegradeerde spellyste vir elke klas.

Die stof wat laasgenoemde moet bevat, is belangrik. Van der Walt<sup>76)</sup> beveel aan dat 'n frekwensielys gebruik word, maar dat dit opgestel word in ooreenstemming met die omstandighede en omgewing van die skool en die kind en uitgebrei word deur 'n lys individuele foute. Boyd huldig dieselfde mening. Hy het 'n standaard-spellys van 1,150 woorde (wat alle kinders van 10 behoort te kan spel) opgestel. Etlike Amerikaanse lyste het die grondslag hiervan gevorm, maar die lys is verwerk om aan te pas by die behoeftes van Skotse leerlinge. Sy gevolgtrekking is: „At the present stage a number of lists with a common core of universal words and a considerable local element varying with national and other interests is all that is possible or desirable.”<sup>77)</sup>

In hierdie lig moet ook Palmer se uitspraak beskou word. Hoewel hy die samestelling van 'n basiese woordeskat by die dosering van 'n tweede taal bespreek, lê die belangrikheid van sy aanbeveling daarin dat hy o.a. die frekwensiebeginsel onderskryf en dat so 'n lys noodsaaklikerwyse ook vir speldoeleindes aange-

71) Van der Walt: Afrikaanse Spelonderrig in die L. Skool, 25-26

72) 'n Opsomming hiervan verskyn in Schonell: The Relation between Defective Speech and Disability in Spelling, 136.

73) 'n Klassifisering hiervan te vinde in Van der Walt: Afrik. Spelonderrig in die Laerskool, 37 - 38.

74) „Wider and more attentive reading, and ... even such indirect ways as spelling games, may often be more really effective than specific lessons. A boy who reads with avidity seldom spells badly.” (The Teaching of E. in England, 78)

75) Aanbeveel deur Van der Walt in „Beginsels en Metodes van die Laer Onderwys,” 111.

76) Afrikaanse Spelonderrig in die Laerskool, 45.

77) Boyd, op. cit., 101.

wend sal word. "The vocabulary," merk hy op, "must be selected with the greatest care and perspicacity; it should include none but the commonest and most characteristic units.... This microcosm should be formed in accordance with and as a compromise between the principles of Frequency, Ergonic combination, Concreteness, Proportion and General Expediency."<sup>78)</sup>

Hiermee kan ons volstaan. Genoeg is aangehaal om te bewys dat sistematiese spelonderrig vanaf die 9e of 10e jaar 'n vereiste is en dat die spellyste in die eerste plek op 'n wetenskaplik saamgestelde frekwensielys gebaseer moet word.<sup>79)</sup>

(e) Leesonderrig:

Oor die besondere plek wat aan leesonderwys op die laerskool afgestaan moet word, bestaan daar geen meningsverskil nie. Hiervan getuig die massa lektuur wat in die afgelope dertig, veertig jaar oor hierdie onderwerp verskyn het. Die probleem is nie wat om aan te haal nie, dog wat om te elimineer en hoe om jou te beperk.

Die verskeidenheid en magdom van leesstof wat daagliks gepubliseer word (boeke, tydskrifte, koerante, e.d.m.), dui op 'n onlesbare dors na kennis (van die verlede en ander lande, op die gebied van die wetenskap, kuns, politiek, ekonomie, industrie, maatskaplike lewe, e.d.m.) en na ontspanning of ontvlugting — want vir vele is lees slegs 'n geestelike verdowingsmiddel, 'n middel om hul escapisme-drang te bevredig. Dit is derhalwe die funksie van die skool om die kind dermate toe te rus, wat leesvermoë betref, dat hy sowel op skool as in die latere lewe profytlik kan deelneem aan die hedendaagse algemeen-menslike strewe om kennis te verwerf en te ontspan. Kennis is mag, en daarom moet leesonderrig die kind in staat stel om sy sosiale erfenis ten volle te verwerf. Die geweldige rykdom van ervaring, kennis, lewenswysheid en literêre genot, wat in boeke en ander geskrifte vasgelê is, is vir die analfabeet verlore.

Boeke bevat egter nie net kennis nie maar ook skoonheid.

78) Palmer: The Scientific Study and T. of Languages, 122.

79) Cf. (I) West: Bilingualism, 228

(II) Fitzgerald in E.S.J., Deel 38, 518

(III) Gertrude Hildreth in J.E.P., Deel 38, 41.

„As fire gives out light and heat, so language radiates intellectual light and emotional warmth," merk Tomkinson<sup>80)</sup> op. Die onderwyser moet dus nie net streef om die intrinsieke of semantiese waarde van die begrippe te openbaar nie; hy moet ook die aandag bepaal by die skoonheid van hul rangskikking, by die ritme en musiek van die proses van hul verklanking en by die verhewenheid en skoonheid van die gedagte-inhoud.

Onder lees onderskei ons luidlees en stillees.<sup>81)</sup> Aanvanklik is eersgenoemde van groter waarde, word dit inderdaad uitsluitlik beoefen, maar mettertyd word dit grotendeels deur stillees vervang. Op die groter belangrikheid van laasgenoemde, relatief gesproke, in die hoër standerds hoef ons nie nou in te gaan nie,<sup>82)</sup> want op die laerskool moet daar 'n plek aan albei afgestaan word. Terloops word die saak ook wel te berde gebring.

Die eerste vraag wat hom hier voordoer, is: wanneer moet leesonderrig ingevoer word? Dit is 'n saak waaraan daar vandag nog veels te min aandag geskenk word. Vir die kind is die leesproses<sup>83)</sup> besonder moeilik, en tog verklaar West:<sup>84)</sup> „Reading is the easiest aspect of a language to acquire (bl. 6)... the initial stage of learning a foreign language should be to learn to read it." (bl. 5). Sy verwysing na 'n tweede taal maak die saak net erger, want dit geld kinders en nie volwassenes nie.

Die antwoord op hierdie vraag word bepaal deur twee faktore nl. leesgereedheid en leesgebreke of -tekortkominge.<sup>85)</sup>

„Reading readiness," verduidelik Jane Porter, „denotes a general mental, emotional and physical preparedness for reading activities. Many pupils with normal intelligence enter school

80) The Teaching of English, 19

81) Die fisiologiese, sielkundige en opvoedkundige verskille tussen die twee is volledig uitgewerk deur Klapper (Teaching Children to Read, 191).

82) 'n Breedvoerige uiteensetting te vinde in (I) Barnes: An analysis of the Afrikaans Readers used in the first three standards of Natal English Medium Primary Schools, together with a critical estimate of the value of the Reader Method in these standards, Bylae C, en (II) Stone: Silent and Oral Reading, 33 - 36; 117 - 122.

83) Volledig uiteengesit in Barnes, op. cit., 46. Grafies word die assosiasies in die twee vorme van lees as volg deur Klapper aangedui: (I) Silent Reading: Visual image - Thought. (II) Oral Reading: Visual image - Auditory image - Idea - Verbal Motor image (bl. 26).

without being ready for reading. A programme for developing reading readiness ... may continue a year or more."

Witty en Kopel se opsommings van ander ondersoeke laat hulle tot die gevolgtrekkings kom: "(a) reading should be delayed until the children's background of experience and mental growth enable them to find meaning in the tasks presented to them, and until this task of maturation has engendered a condition in which reversals are few and perception of words and other meaningful units is possible, (b) reading should be postponed for most pupils until they are 8 or 9 years old." Hiermee kom die uitsprake van Boney en Agnew en van Gesell, Klapper, e.a. ooreen.

Die gebreke en tekortkominge van beginners word opgesom o.a. deur Duffy en Durrell, Gates, Yoakam (54 verskeie soorte: 22, algemeen; 16, mechanics; 16, begripsmoeilikhede), McKee, Klapper en Stone. Hierdie moeilikhede en gebreke — daar is oor die 80 opgeteken — is nie onoorkoemlik nie. Daarvan getuig die feit dat alle normale kinders wel uiteindelik leer om te lees; maar wat hier beklemtoon moet word, is dat die meeste moeilikhede en gebreke onafskeidelik aan die prille jeug

84) Learning to Read a Foreign Language. Dieselfde argumente word aangevoer in „Bilingualism," VI - VII en 250.

85) In: The Mentor, April 1941, 14.

86) J.E.R.; Deel 28; 401

87) J.E.R.; Deel 28, 401

88) The First Five Years of Life, 208 - 209.

89) Klapper beweer tromp-op: „Not only do we place too great an emphasis on oral reading, but we begin it too early in the school life of the child ... no effective oral reading can take place unless the child has developed reliable ability and undoubted mastery of rapid symbol interpretation and thought extraction. This capability must necessarily come after long, laborious effort. It is because children are asked to read before they have acquired these abilities in full measure that real expression is not only impossible, but is undermined permanently. The blame for the stiff, stilted artificial oral reading of the elementary school must be laid at the door of premature oral reading." (Teaching Children to Read, 25 - 27).

90) J.E.R., Deel 30, 558

91) The Improvement of Reading, verskeie plekke.

92) Reading and Study, 443 - 445. Hy verwys verder na 'n klassifisering hiervan deur Gates onder vyf hoofde (bl. 440).

93) Reading and Literature in the Elementary School.

94) Teaching Children to Read, 213 - 216.

95) Silent and Oral Reading, 6 - 31; 299 - 310.

van die beginneling verbonde is en eers na groter geestelike rypheid verdwyn. Hoe belangrik leesonderrig ook al mag wees, behoort dit, na eie oordeel, ietwat later 'n aanvang te neem as wat dit teenswoordig wel die geval is. Al maak die onderwyser gebruik van die grote verskeidenheid van onderwysmetodes, supplementêre middels en hulpmaatreëls — soos uitgewerk deur Gates, Klapper, e.a. — loon dit hom nie, want die oordrag is te gering.

Gates erken dit self: „Many investigators found that for a variety of reasons the amount of improvement resulting from a period of remedial instruction under the supervision of experts varied from little to no gain.”<sup>98)</sup> En elders: „Careful studies of the transfer of training in such cases (i.e. with flash-cards, phonetic drills, exercises for improving memory, etc.) show often a disappointing carry-over.”<sup>99)</sup> Burt beweer verder: „Since habits are so specific, the effects of improvement in one field of work are transferred to other fields only to a very limited extent ... duller children carry over no improvement whatever.”<sup>100)</sup>

Waarom is luidlees belangrik? Daardeur word goeie oogbewegings ontwikkel en die kind leer: presisering van uitspraak en klem, behoorlike artikulasie en toonmodulasie en 'n matige spreektempo. Verder, volgens Van der Walt, om nuwe woorde te herken, om sonder gekunsteldheid te wees, om die inhoud te verstaan, om te weet vir watter doel die inhoud bedoel is, om 'n behoorlike houding t.o.v. die gehoor in te neem en om nie selfbewus te wees nie.<sup>101)</sup> Daarby kan ons nog voeg: om die gevoels- en stemmingsinhoud van 'n passaat reg te vertolk<sup>102)</sup> en, al is dit heelterloops, om die begrippevoorraad te vergroot en om begrippe-assimilasie te ontwikkel en versnel. Luidlees het natuurlik sy nadele sowel as sy voordele,<sup>103)</sup> maar in die beginstadium is

96) The Improvement of Reading, verskeie plekke.

97) Teaching Children to Read, 138 - 139, 155 - 157, 211 - 212

98) In: J.E.R., Deel 31, 418 en 220 - 222.

99) The Improvement of Reading, 26.

100) Burt: The Backward Child, 505

101) V.d.Walt in „Beginsels en Metodes van die L. Onderwys, 83

102) In hierdie verband beweer Stone: „The most important function of oral reading in school should be the same as (b.o.)

104)

dit onontbeerlik.

105)

En wat van stillees? Tereg merk Van der Walt op: „Geleidelik moet hard-op lees verminder en stillees vermeerder tot dat aan die einde van st. III meer tyd aan stillees as aan hard-op lees gewy word.” Ook Suzzallo beweer: „Quick silent reading is the most important task beyond the first two years,” — ’n mening wat deur Briggs, Coffman, Kendall en Mirick bevestig word.

106)

Verder konstateer Welton: „Reading is essentially a mental act ... Reading aloud is an addition and by no means essential to it. It may be a mere mechanical series of utterances without any undercurrent of ideas. The aim of the teacher should be, then, to give the pupils the power to master a book by themselves.”

107)

En as ons vra waarom stillees so belangrik is, waarom dit van so ’n belangrike plek in die leerplan verseker is, dan verskaf Horn o.a. die antwoord. Volgens hierdie skrywer ontwikkel stillees sekere bekwaamhede en beoefen dit sekere werksaamhede. Hy som hulle as volg op:

- „(a) those needs and activities bound up with locating data.
- (b) those abilities involved in selecting, comprehending and evaluating data in the light of the purpose at hand.
- (c) those abilities involved in organising these data for any given purpose.
- (d) those abilities and techniques involved in perfecting one's grasp of the material read, in reacting to the material as a whole and in providing for remembrance.”

109)

Volgens Klapper moet stillees ook om die volgende redes beklem word: (a) vir self-onderwys, (b) vir intelligente burgerskap, (c) om die individu in staat te stel om te studeer, (d)

it is in life outside the school — conveying meaning and feeling to auditors.” (Silent and O. Rdg., 4)

103) Die voor en teen te vinde by Klapper: Teaching Children to Read, 169 - 170. Cf. Stone, op. cit., 117 - 118, 34 - 35.

104) Cf. Klapper, op. cit., 170.

105) In: Beginsels en Metodes van die L. Onderwys, 88.

106) Almal aangehaal deur Stone, op. cit., 116 - 118.

107) Welton: The Teaching of English Reading.

108) Aangehaal deur Stone, op. cit., 71.

Horn verduidelik verder: „Comprehension is basic in all these activities. What is desired is ... the ability to be able to find material quickly, to select relevant data quickly, to organise these data in the solution of a problem quickly, to know the most economical methods by which one may clinch what has been read and provide for its permanent retention.” (Stone, op. cit., 71)

109) op. cit., 189 - 190.

vir ontspanning en (e) om sielkundige oorweginge.

'n Groot aantal goeie gewoontes wat deur stillees aangekweek word (b.v. aandag, volharding, onafhanklikheid, die gebruik van boeke om vrae te beantwoord, beoordeling van die inhoud, verslagwerk, ens.), word breedvoerig deur Yoakam bespreek.

Wat inhoud betref, moet daar natuurlik 'n stel leesboekies wees. Gedurende die eerste paar jaar, wanneer luidlees nog die hoofrol speel, is so 'n reeks onmisbaar. Mettertyd, egter, neem individuele leeswerk al hoe meer tyd in beslag en maak die leerlinge veel meer gebruik van supplementêre leesboekies, tydskrifte, biblioteekboeke, koerante, e.d.m.

By die keuse van 'n geskikte leesserie moet daar veral op die woordeskat en die inhoud gelet word. Wetenskaplike ondersoek in die leeskuns het in die jongste jare tot baie insiggewende gevolgtrekkings gelei; en enkele belangrike bevindinge t.o.v. die woordeskat wat te dikwels veronagsaam word, kan hier aangehaal word:

(I) 'n hoë frekwensie van woorde vir doeltreffende retensie: een nuwe woord vir elke 25 - 60 lopende woorde word aanbeveel.

(II) 'n beperkte woordeskatlas van ongeveer 150 - 300 woorde vir die eerste paar leesboekies.

(III) die woordeskat van die boekies moet op 'n frekwensie- of basiese lys berus.

Ten opsigte van die stof is vasgestel:

(I) dat daar by kinders bepaalde voorkeure bestaan (b.v. die stories wat op die verbeelding, die bonatuurlike, humor, die groteske, dapperheid, spanning, ens. berus);

(II) dat die dialoogvorm bo die gewone verhaalvorm verkies

110) Reading and Study.

111) Vgl. Stone, op. cit., 72 - 73, 81.

112) b.v. (I) Gates: Interest and Ability in Reading, 16 - 39.

(II) Stone in J.E.R., Sept. - Mei, 1939 - '40, 447.

113) b.v. (I) Selke in J.E.R., Junie - Des., 1930, 363.

(II) Cooper in J.E.R., Sept. 1934 - Mei 1935, 354- 357.

114) b.v. (I) Fourie, op. cit., 272. Hy verwys verder na West, Bongers en De la Court e.a.

(II) Fife: Summary of Reports on the M. F. L., 197.

115) b.v. (I) Gates: Interest and Ability in Reading, 53.

(II) Seegers in J.E.R., Deel 31, 412.

116)  
word en

(III) dat die belangstelling deur sekere kenmerke van die stof en die vertelling geprikkel word (b.v. lewendigheid, humor die verrassingsselement, „animalness” of die diermotief, ’n wesentliche intrige, ens.).<sup>117)</sup>

Leesseries vir sowel stil- as luidlees moet dus aan al die vereistes voldoen. Hulle moet pas by sowel die geestelike inwentaris van die kind op ’n bepaalde stadium (d.i. ten opsigte van die woordeskat) as by die stadium van sy geestelike ontwikkeling (d.i. ten opsigte van die stof).

Een slotopmerking: uit wat onder die hoofde „spelling” en „leesonderrig” aangevoer is, wil dit voorkom of ’n frekwensieel, indien dit nie as onontbeerlik beskou word nie, wel met groot vrug op die laerskool gebruik kan word.

- 
- 116) b.v. (I) Burk in J.E.R., Deel 30, 559.  
 (II) Gates: Interest and Ability in Reading, 80.  
 (III) Engleman, aangehaal deur Erasmus: An Analysis of a series of English Readers designed for Afrik.-speaking Pupils in the Primary Standards.
- 117) b.v. (I) Gates: Interest and Ability in Reading, 80  
 (II) McKee: Reading and Literature in the Elementary School, 486 - 488.